SimpleStudy®

# PROVINSIALE EKSAMEN

# JUNIE 2022

# GRAAD 10

**EKONOMIE**

**(VRAESTEL 2)**

EXEMPLAR

**TYD:** **1½ uur**

**PUNTE:** **100**

**10 bladsye**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord DRIE vrae soos volg in die ANTWOORDBOEK:

   - AFDELING A: VERPLIGTEND
   - Afdeling B: Beantwoord EEN van die twee vrae
   - Afdeling C: Beantwoord EEN van die twee vrae

2. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Antwoorde van meer as die vereiste getal sal NIE gemerk word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Lees die vrae noukeurig deur.

5. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.

6. Laat 2 – 3 lyne tussen die subafdelings van die vrae oop.

7. Beantwoord die vrae in volledige sinne en verseker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde voldoen aan die kognitiewe vereistes van die vrae.

8. Gebruik slegs blou of swart ink.

9. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.

10. Skryf netjies en leesbaar.

EXEMPLAR

EXEMPLAR

**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1: MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE 30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae verskaf. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDBOEK, bv. 1.1.6 E.

1.1.1 Watter van die volgende is NIE ŉ voorbeeld van besighede in ŉ oligopolie nie?

A MTN, Vodacom, Cell C
B BP, Total, Engen
C FNB, Capitec, Nedbank
D Burger King, MacDonalds, Steers

1.1.2 ŉ Kenmerk van ŉ monopolie is dat ...

A daar baie kopers en verkopers in die mark is.
B die aard van die produk uniek is.
C die aard van die produk homogeen is.
D verskaffers prysnemers is.

1.1.3 ŉ Grafiek wat die doeltreffende gebruik van alle moontlike hulpbronne toon, is ŉ ...

A aanbodkromme.
B vraagkromme.
C produksiemoontlikheidskromme.
D onverskilligheidskromme.

1.1.4 Die hoogste prys waarteen ŉ produk verkoop mag word, staan bekend as die ...

A aankoopprys.
B verkoopprys.
C maksimum prys.
D minimum prys.

1.1.5 Watter van die volgende is NIE ŉ rede vir markmislukking NIE?

A Onderaanbod van goedere en dienste
B Onbillike pryse
C Die verdeling van inkomste en welsyn
D Wetgewing

(5 x 2) (10)

1.2 Kies ’n beskrywing in KOLOM B wat ooreenstem met ’n item in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A – G) langs die vraagnommer (1.2.1 tot 1.2.6) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.2.7 H.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Adam Smith | A Markte is nie beperk tot slegs sekere lande nie |
| 1.2.2 Globalisering | B Alle hulpbronne in die ekonomie word effektief gebruik |
| 1.2.3 Geleentheidskoste | C Bestaan uit die totale voordele wat die samelewing verkry uit die verbruik en produksie van goedere of dienste |
| 1.2.4 Doeltreffendheid | D Die vader van die moderne ekonomie |
| 1.2.5 Ad valorem belasting | E Waar belasting bereken word as ’n persentasie van die produk |
| 1.2.6 Sosiale voordele | F Die waarde van alternatiewe wat opgegee is as gevolg van ’n keuse |
| | G Geld wat gehef word op die inkomste van individue en maatskappye |

(6 x 1) (6)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs elk van die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.4) in die ANTWOORDBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word nie.

1.3.1 Die ruilwaarde van ’n produk vermeld in terme van geld

1.3.2 Produkte wat saam met ander produkte gebruik word

1.3.3 Goedere wat almal bevoordeel en wat beskikbaar is vir almal

1.3.4 Betalings wat deur die regering gemaak word om die produksie of gebruik van ’n bepaalde produk of diens te bevorder (4 x 1) (4)

**TOTAAL AFDELING A: 20**

EXEMPLAR

EXEMPLAR

## AFDELING B

Beantwoord enige EEN van die volgende twee vrae.


**VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE vereistes vir die vestiging van 'n mark. (2 x 1) (2)

2.1.2 Hoe baat 'n besigheid deur 'n minimum prys? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die volgende grafiek en beantwoord die vrae wat volg.




2.2.1 Verskaf 'n toepaslike opskrif vir die grafiek. (1)


2.2.2 Identifiseer die sjokoladestafie met 'n marginale nut van "0". (1)

2.2.3 Wat behels die *wet van dalende marginale nut* ? (2)

2.2.4 Verduidelik die verhouding tussen die nut en die vraag van 'n produk. (2)

2.2.5 Onderskei tussen *nut* en *marginale nut*. (4)

2.3 Bestudeer die volgende grafiek en beantwoord die vrae wat volg.




2.3.1 Hoeveel piesangs kan by punt **D** geproduseer word? (1)

2.3.2 Identifiseer die punt van ondoeltreffendheid. (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die term *produksiemoontlikheidskromme.* (2)

2.3.4 Waarom is dit nie moontlik om by punt **C** te produseer nie? (2)

2.3.5 Bereken die geleentheidskoste as produksie van punt **A** na punt **D** verskuif? Toon jou berekeninge. (4)

2.4 Bespreek kortliks enige TWEE eienskappe van volmaakte markte. (8)

2.5 Teken ’n grafiek en verduidelik die effek as die regering ’n maksimum prys op ’n produk stel. (8)
**[40]**

EXEMPLAR

**VRAAG 3: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Gee enige TWEE voorbeelde van geografiese markte. (2 x 1) (2)

3.1.2 Wat word bedoel met produksie ondoeltreffendhede? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die volgende spotprent en beantwoord die vrae wat volg.




3.2.1 Watter tipe markstruktuur word in die spotprent hierbo geïllustreer? (1)

3.2.2 Gee een voorbeeld van so ŉ markstruktuur in Suid-Afrika. (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die term *monopolie.* (2)

3.2.4 Verduidelik kortliks heterogene produkte as ŉ kenmerk van ŉ monopolie. (2)

3.2.5 Hoe kan meer kruidenierswinkels in die dorp verbruikers bevoordeel? (4)

EXEMPLAR

3.3 Bestudeer die volgende prent en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**[Bron: Google beelde/VectorStock/27422520]**

3.3.1 Identifiseer die belasting wat van toepassing is op die produkte in die beeld. (1)

3.3.2 Noem enige ander voorbeeld van indirekte belasting. (1)

3.3.3 Wat word bedoel met *direkte belasting*? (2)

3.3.4 Verduidelik kortliks waarom die regering belasting op produkte soos alkohol en sigarette sal hef. (2)

3.3.5 Gebruik ŉ grafiek om te verduidelik hoe ŉ toename in indirekte belasting die prys van produkte sal beïnvloed. (4)

3.4 Bespreek die eienskappe van onverskilligheidskrommes. (8)

3.5 Hoe kan die regering verbruikers teen die uitbuiting van onvolmaakte markte beskerm? (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

EXEMPLAR

**AFDELING C**

Beantwoord enige EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br><br>Die inleiding is ŉ laer-orde respons.<br><br>• ŉ Goeie beginpunt sou wees om ŉ sleutelbegrip te definieer wat in die vraag verskyn.<br>• Moenie enige deel van die vraag in jou inleiding insluit nie.<br>• Moenie enige deel van die inleiding in die liggaam herhaal nie.<br>• Moenie in die inleiding sê wat jy in die liggaam gaan bespreek nie. | Maks. 2 |
| **Liggaam**:<br><br>**Hoofdeel:** Bespreek in detail/In diepte bespreking/Ondersoek/krities Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Verduidelik/ Assesseer/Debatteer.<br><br>**Addisionele deel:** Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Teken ŉ grafiek en verduidelik/Gebruik die grafiek gegee en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/ Verduidelik/Onderskei/ Interpreteer/Debatteer kortliks /Hoe?/Stel voor/ Gebruik die inligting en argumenteer/Debatteer/Evalueer | Maks. 26<br><br><br><br>Maks. 10 |
| **Gevolgtrekking:**<br><br>Enige relevante hoër-orde gevolgtrekking moet die volgende insluit:<br><br>• ŉ Kort opsomming van wat bespreek/ontleed is sonder om feite wat reeds in die liggaam genoem is, te herhaal<br>• Enige mening of waarde-oordeel oor die feite wat bespreek word<br>• Bykomende ondersteuningsinligting om die bespreking/analise te versterk<br>• ŉ Teenstrydige standpunt met motivering, indien nodig.<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

EXEMPLAR

**VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek prysvorming in detail onder die volgende opskrifte:
  - Ewewigspunt, prys en hoeveelheid
  - Verandering in vraag en aanbod

  Gebruik volledig benoemde grafieke. (26 punte)

- Na jou mening, waarom word subsidies deur die regering aan die verskillende rolspelers in die ekonomie gegee. (10 punte) **[40]**

**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek die redes vir, en die impak van minimum lone op vraag en aanbod in die arbeidsmark. (26 punte)

- Gee aanbevelings aan die regering oor hoe hulle markmislukking kan voorkom. (10 punte) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 100**

**EINDE**

EXEMPLAR